

**16 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 3:1-4:37**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 3:26-4:7**

**Moenie ander offer nie, maar gee jouself as 'n lewende en God welgevallige offer**

Koning Mesa van Moab bou vinnig 'n altaar en offer sy oudste seun as brandoffer om sy god te dwing om hom te help. So ontsteld is Israel dat hulle omdraai en teruggaan. Verskriklik is dit dat 'n pa uit selfsug sy seun offer!

Kyk na al die altare van selfsug waarop kinders vandag geoffer word! Daar is egskeiding – ek het my man/vrou nie meer lief nie! Mammon voer sy heerskappy – geld is belangriker as liefde en tyd, want ontspanning word gekoop in plaas daarvan dat ouers saam met hulle kinders speel en my lewenstandaard is belangriker as my doopsbelofte! Bacchus neem oor – drankmisbruik is 'n grap! Wellus gedy – kinders word buite die huwelik verwek in 'n wêreld sonder liefde en sekuriteit!

Die stryd van Elia teen die afgodsdienste van Agab en Isebel word voortgesit deur Elisa. Die skrywer kontrasteer die Baäldiens met die diens van die ware God. Baäldiens vereis 'n kind as offer sodat die ouer kan leef. Hierteenoor het God kinders lief, soos uit verskeie gebeurtenisse geïllustreer word. 'n Vrou ontvang 'n seun en kry hom terug uit die dood. 'n Dogtertjie getuig van die liefde van God sodat Naäman genees word. 'n Arm weduwee red haar kinders van slawerny as gevolg van 'n wonderwerk. Die skuldeiser wil haar twee seuns as slawe vat, maar Elisa sê sy moet kruike leen, nie te min nie, en dit vul uit die erdekannetjie wat sy het.

Moet nie te min van God dink of verwag nie! Moet nie redeneer dat jy te gering is dat Hy jou sal help of dat jy 'n te groot sondaar is om vergewe te word nie. Hy is Almagtig en kan en wil meer doen as wat ons kan dink of waarom ons kan bid (Ef 3:20). Kyk na die kruis op Golgota waar sy Seun geoffer is uit liefde vir sondaarmense! Dit is die rede waarom Hy ons verlos en versorg. Beantwoord hierdie ware liefde! Breek die altare af waarop jy ander vir eie belang offer en offer jouself as 'n lewende dankbaarheidsoffer wat Hom welgevallig is.

*Sing: Psalm 19:4,7 Dr SJ van der Merwe (Duineveld)*